Publication: Rapport (Gauteng), Weekliks
Date: Sunday, April 19, 2020
Page: 6

# Ware toets wag op SA ekonomie ná Covid-19



Tim du Plessis

**Dís die punt**

Iewers die afgelope week sien ek 'n spotprent van 'n bootjie op 'n stormsee. 'n Groot brander genaamd Covid-19-krisis is in aantog. Kort op die hakke van dié brander is nóg 'n groter een. Dié heet ekonomiese krisis en is groter as die eerste brander en die bootjie saam.

Om die see-simboliek verder te voer: Warren Buffet het gesê eers wanneer die gety laag is, kan jy sien wie swem almal kaal.

Dié twee metafore sê oor ons situasie dit wat die meeste mense, selfs dié wat net in die verbygaan oplet, sekerlik weet: Erg soos wat dit is, die korona-krisis is die maklikste een van die twee. Die eintlike toets sal wees hoe Suid-Afrika die enorme uitdagings gaan hanteer van die post-korona-era wat so meedoënloos op ons afpeil.

En dis ook nie asof die Covid-19-krisis reeds afgeweer is nie. 'n Opskrif Vrydag in *Vrye Weekblad* vat dit goed raak: "SA is nou op die voorvoet, maar die ergste kom nog."

Dis meer realisties as die hosannakore wat drie weke gelede oor pres. Cyril Ramaphosa aangehef is. Die president se eerste verskyning op nasionale TV verlede maand was "majesteitlik", het een redakteur verklaar, uitasem van bewondering.

Ons sal weldra weet hoe lank Suid-Afrika op die voorvoet kan bly. Teen die einde van dié week kon jy aan jou vingerpunte voel hoe die vertroue uit die *body politic* vloei.

Donderdag, die dag waarop die aanvanklike grendeltyd sou eindig, het die land dringend 'n spanpraatjie nodig gehad om ons te laat vasbyt vir die volgende skof; 'n gebaar dat die swaarkry, maar ook die moedigheid van gewone mense, raakgesien word.

Pleks daarvan kry ons toe 'n staptog deur die vallei van mismoedigheid - 'n stuk of vier ministers wat voortstamel oor die aangepaste inperkingsregulasies. "Ons is 'n regering wat omgee," roep verdedigingsminister Nosiviwe Mapisa-Nqakula aanhoudend uit. Asof sy haarself moet oortuig.

'n Uitsondering was Ebrahim Patel, minister van handel en nywerheid. Saaklik, bondig en sonder die alewige pogings om snaaks te wees. Hy word interessant genoeg al meer na vore gebring soos die krisis ontvou.

Hierteenoor is die finansminister, Tito Mboweni, buiten vir 'n paar ligsinnige twiets, op die oog af afwesig in die geveg. Steek Patel - in Marxistiese ideologie gemarineer, maar dalk deesdae meer pragmaties - sy hand op vir Mboweni se jop?

Maak nie eintlik saak nie. Ramaphosa, Mboweni, Patel, die veel besonge gesondheidsminister, Zweli Mkhize, dr. Nkosazana Dlamini-Zuma, min. Pravin Gordhan en die ligte wat dank die vader skyn by die Reserwebank en die tesourie, is die A-span waarmee die regering die ekonomiese krisis sal aandurf. Jy kan seker ook ministers Thoko Didiza, Barbara Creecy, Aaron Motsoaledi en Naledi Pandor byvoeg. Die res, die hele ou ANC ingesluit, is 'n ry nulle op 'n kontrak.

Ek hoor by voorbaat al die proteste van ja, maar wat van al die supersterre in die opposisiebanke, die private sektor en wyer in die samelewing?

Ja, en wat van hulle? Waar is die getuienis dat die ANC-regering sedert die aanbreek van die Zuma-era hom hoegenaamd steur aan enige ekonomiese advies, hoe goed bedoel ook al, uit die private sektor?

Met groot geskal word ons nou vertel die regering se hantering van die Covid-19-krisis is suksesvol omdat hy luister na die advies van kundige wetenskaplikes en kenners wat net werk met geverifieerde feite. Mense soos die gedugte prof. Salim Abdool Karim, die mediese wetenskaplike wat die intellektuele voorhoede vorm van die stryd teen Covid-19.

Geen dispuut hieroor nie. Maar daar is ook 'n echelon van kundiges, hier en in die buiteland, wat nou al dekades lank advies gee oor die bestuur van die ekonomie. Hulle is in hul veld enige dag so wetenskaplik soos prof. Karim en sy span.

Die kruks van hul oplossings is te vinde in die redes wat Moody's aangevoer het in sy besluit drie weke gelede om die ekonomie af te gradeer tot rommel. Die regering het nie ag geslaan nie.

Die groot vraag is of Ramaphosa dit in hom het om die stang vas te byt en die ekonomie fundamenteel te transformeer. Of wil hy net aanhou om "majesteitlik" te wees terwyl die krisis roep om 'n maanhaarleeu?

Ons sal weldra weet. Ek put hoop uit die rubriek van prof. Johan Fourie vandag in *Sake-Rapport*. Gaan lees gerus. Fourie haal die ekonoom Milton Friedman aan wat onder meer gesê het "net 'n krisis - of daar nou een is of net as een ervaar word - veroorsaak ware verandering".

Die krisis is op ons en dis allermins 'n gewaande een. Die harde werklikheid is 'n leermeester sonder genade, sal die ANC en sy president spoedig besef.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.